——oOo——

## PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT

Prof. Van der Walt, die eerste prinsipaal van die Universiteit van Suid-Afrika en vroeër ook die eerste professor in die Geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys, tree op 31 Maart 1956 uit die aktiewe universitêre diens. Sy besluit om hom aan die diens te onttrek was vir ons almal 'n baie skokkende verrassing, aangesien hy deur die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika as prinsipaal benoem is tot minstens die einde van 1958. Toe hy sy besluit aan die Raad by sy vergadering in Junie 1955 bekend gestel het, is daar 'n dringende be-

roep op hom gedoen om dit in heroorweging te neem, omdat dié Raad diep onder die besef is van sy werklik onmisbare dienste. Hy het dié Universiteit ten opsigte van sy sterk ontwikkelde Afdeling vir Eksterne Studie feitlik uit die grond uit opgebou.

Die geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika is welbekend. Toe in Kaapland teen die derde kwart van die vorige eeu die behoefte aan 'n eksaminerende en graadtoekennende binnelandse universiteit sterk aangevoel is, is dit verwesenlik deur die stigting van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop, wat alle universitêre arbeid, behalwe doseerwerk, onderneem en gereël het. In 1916 is by wetgewing die ou Universiteit vervang deur twee selfstandige en volledig funksionerende universiteite—Kaapstad en Stellenbosch—en een federale, slegs eksaminerende en graadtoekennende universiteit—Suid-Afrika. Die Universiteit van Suid-Afrika het essensieel verskil, nie alleen van die twee selfstandige universiteite nie, maar ook van die ou Kaapse Universiteit. Dit was naamlik 'n federale universiteit met 'n aantal sogenaamde saamstellende kolleges. Die Kolleges sou die doseerwerk onderneem, terwyl die Universiteit self die leergange sou bepaal, die eksamens sou lei en die sertifikate (grade en diplomas) sou toeken.

Maar die een kollege het na die ander van die federasie afgeskei en 'n selfstandige akademiese republiek geword. Binne 'n kwart eeu het dit duidelik geword dat daar op die duur geen saamstellende kollege meer sou oorbly nie en dat ons wat die Universiteit van Suid-Afrika betref, weer sou beland by die toestand van die ou Kaapse Universiteit. Ons land het egter so ver ontwikkel in akademiese opsig dat op die ou manier nie voortgegaan kon word nie. Daar is veral twee belangrike feite: in 1873 was daar geen selfstandige universiteite nie en in 1873 was die aantal studente nog miniem. Die huidige omstandighede bring met een woord mee die belangrike faktor van mededinging, in die beste sin van die woord. Die nuwe Universiteit van Suid-Afrika is nie langer 'n federasie van kolleges nie en dit moet sy plek volstaan onder die inrigtings vir hoër onderwys. Dit bring dus mee 'n wysiging in sy struktuur en funksies. Die twee belangrikste wysigings word dus: dit word beperk tot eksterne studente en dit moet op die een of ander wyse tog leiding vir eksterne studie verskaf.

Toe die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika dit aangevoel het, het dit in die jaar 1944 al, dit wil sê selfs nog voor al sy kolleges apart gaan staan het, dit noodsaaklik en wenslik geag om 'n grondige ondersoek te laat instel oor die struktuur en funksie van 'n moderne eksterne universiteit. Die Raad moes toe 'n man vir die ondersoek vind, en sy keuse het geval op

prof. Van der Walt, destyds nog historicus aan die Potchefstroomse Kollege, 'n man uitnemend toegerus vir sulke werk: 'n ervare dosent, 'n uitstekende vormer, 'n uitnemende kenner van universitêre organisasie.

Prof. Van der Walt het vir 1945 die nodige verlof van die Raad van Potchefstroom verkry en het diep en ernstig op die probleem ingegaan. Sy ondersoek was grondig en prakties. Hy kon aan die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika 'n weldeurdagte plan voorlê, vervat in 'n bekendgeworde verslag. Die Raad het sy plan aanvaar en, dit spreek vanself, hom benoem as die eerste Direkteur van die Afdeling vir Eksterne Studie aan daardie Universiteit verbind. Hy het sy nuwe amp aan die begin van 1946 aanvaar. Met vurige besadigdheid en met rustige deursettingsvermoë het hy die Afdeling ontwikkel tot een van die wonderlike Suid-Afrikaanse akademiese bouwerke van ons tyd. In 1951 het die Universiteit van Suid-Afrika by wetgewing 'n nuwe vastigheid ontvang. Na die aftrede van mnr. Langham Murray as Registrateur in 1953 is die organisasie van die nuwe Universiteit van Suid-Afrika in sy wese geleidelik verander: die Afdeling van Eksterne Studie en die gewone Administrasie is ineengevoeg en vanaf 1955 is prof. Van der Walt amptelik die prinsipaal van die Universiteit van Suid-Afrika.

En nou gaan prof. Van der Walt die betrekking neerlê. Dit pas en betaam alle universiteite om by sy uittrede twee pligte te vervul. In die eerste plek moet hulle hul opregte spyt te kenne gee dat prof. Van der Walt aldus besluit het. Sy aftrede is inderdaad 'n groot verlies vir die hele universitêre bedrywigheid in Suid-Afrika. Dit raak nie alleen sy eie inrigting nie, maar ook al die selfstandige universiteite. Nie alleen word elke universiteit amptelik verteenwoordig op die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika en het elke Universiteit direk belang by daardie Universiteit nie, maar prof. Van der Walt sit as prinsipaal op die Komitee van Universiteitshoofde en neem op dié wyse op sy unieke manier deel aan die lewe van elke universiteit en aan alle universitêre bedrywighede. In die tweede plek pas en betaan dit ons almal om 'n woord van dank en waardering uit te spreek vir wat hy beteken het sowel vir die selfstandige universiteite as vir die Universiteit van Suid-Afrika self. Daar is min mense in ons land wat soveel beteken en beteken het vir die ontwikkeling van die universiteitswese as kollega Van der Walt.

Ek wil ten slotte 'n persoonlike woord van afskeid byvoeg. Sy vertrek sal by my 'n leegte skep wat voortdurend sal hinder en wat, ek weet, nie maklik gevul sal kan word nie. Ek het hom geken en geleer waardeer as Matriekleerling toe ek in Steynsburg onderwyser was, as O.1-student toe

ek deeltydse dosent aan die ou P.U.K. was, as kollega toe hy en ek saam professore aan die P.U.K. en die P.U.K. vir C.H.O. was, toe hy en ek saam dekane vir Fakulteite was, toe hy Direkteur van Eksterne Studie en ek Raadslid van die Universiteit van Suid-Afrika was, en ten slotte toe hy en ek saam op die Komitee van Universiteitshoofde gedien het. Ek het aan hom baie te danke: persoonlike vriendskap, gewaardeerde raad, wyse leiding. Hy is 'n man met 'n forse gestalte, innemende persoonlikheid, besliste oortuigdheid en verbasende besadigdheid en deursettingsvermoë. Op hom is ten volle van toepassing in verband met sy lewenswandel: Festina lente! Excelsior!

J. CHR. COETZEE

——oOo——